Kollekte gaan by die deure vir **Bybelverspreiding** en volgende week **GKSA sustentasiefonds.** Verlede week se kollekte was **DVB. 3208** en **Ekumenisiteit-Londonjeug R 1242**

Gr8 en 9 kombersprojek

Dankie weereens vir die skenkings. Ons het 18 komberse en nog 11 kniekombersies ontvang en ook 'n totaal van R7000.
Hier is die finale reëlings:

***Dinsdag 20 Julie** kom ons om 16h30 by die kerk bymekaar. Ons vertrek 16h45 na Brakpan en sal saam met Corne en sy span mense besoek. Ons sal omtrent 40-50 mense kan bereik.*
***Woensdag 21 Julie** kom ons 18h00 by die kerk bymekaar. Ons sal saam met Lallie en sy mense in Benoni werk en kan tussen 5 en 20 mense bereik en sal DV getuienisse aanhoor.*
*Ons **kom Sondag 25 Julie** om 08h15 by die kerk bymekaar en vertrek na Actonville se kerkgebou. Ons beplan om daar die diens by te woon en komberse na die tyd uit te deel.*

Wat word van die GR 8 en 9's verwag?
Om ten minste een(as jy wil meer) van bg. by te woon, te sê wanneer jy kom en om te help met flesse sop. Ons sal broodjies en koppies, komberse en Bybels voorsien.
Dankie julle
Kontak: 0842472321 of

Polsslag inligting

Inligting wat in die Polsslag geplaas moet word, moet asb. voor Donderdagmiddag 12:00 vm. Na polsslag@gkbenoni.co.za gestuur word. Inligting kan ook direk aan Gusta gestuur word na 083 383 2605 of faks na 011 849 6063.

Sê wie? – Die Bybel se .....

Daar is vandag begin met 'n weeklikse Bybelvasvra in die Polsslag. 'n Bybelvers word aangehaal. Die vrae gaan oor die presiese inhoud. (1983 vertaling) As die ontbrekende woord of woorde gevind word, kan die deelnemer sy/haar naam per SMS met die ontbrekende woord
& Bybelvers waar dit staan Bv Psalm 40:8 SMS stuur. Die volgende week verskyn die antwoord en die lidmate wat reg was se name in die Polsslag. Die volgende nuwe vraag vir die week is dan ook weer in die Polsslag. Die bybelboek se naam (bv Psalms) sal in die eerste paar weke verskaf word as 'n hulpmiddel , sodat almal nie te wyd hoef te soek nie. . Die idée is om deelnemers aan te spoor om hulle Bybelkennis te toets en lidmate te stimuleer om Die Bybel doelgerig te lees.
Hoe vergelyk jou kennis ?
Sien jy kans?
Alle ouderdomme kan deelneem!
Al wat nodig is om na te lees!
Die eerste vraag op die agterblad.

BANKBESONDERHEDE VIR BYDRAES

Alle bydraes kan in die onderstaande rekening inbetaal word. **Merk duidelik by besonderhede u volle naam en doel**. Daar is baie lidmate met dieselfde voorletters en van. **Volle name asb**. Lidmate word aangemoedig om van die aftrekorder-sisteem gebruik te maak. U bydrae word dan outomaties op die 1ste van elke maand van u rekening verhaal.

Gereformeerde Kerk Benoni
Absa Bank
Tjek nr. 220 340 333

DEPRESSIE ONDERSTEUNINGSGROEP

Die depressie-ondersteuningsgroep kom weer bymekaar op Maandag 19 Julie om 19:00 aan huis van Giel & Riana de Bruyn, Bertramstraat 8, Rynfield. Vir enige navrae oor die Depressiegroep, kontak gerus vir Giel by (082 888 3219).

Ge-opende Deure Egipte projek

Ons het meer inligting aangaande hierdie projek ontvang. Ons besoek die vervolgde kerk in Egipte later vanjaar en sien baie uit daarna om hulle te ontmoet. Ek hoop om Janine of Gerit van GD te kry om meer oor die spesifieke projek te kom deel met almal. Daar is verskeie geskenke wat ons vir die mense in hulle beproewinge gaan saamneem. Kontak ons asb indien jy 'n bydrae wil maak of meer wil weet. Ons benodig ook voorbidders vir die die projek tot ons terug is. Laat weet ons asb indien jy spesifieke inligting wil hê vir voorbidding.
Groete in Christus
Veronica 084 247 2321

Ons Huis

Tehuis vir Bejaardes, Florida
Die tehuis hou hulle winterkermis op **Saterdag, 31 Julie 2010** vanaf 09.00 by Madelinestraat 110, Florida. Veilige parkering is beskikbaar by die kerk op die hoek van Main- en Marystrate. Behalwe die kermisstalletjies gaan daar ook 'n uitstalling van veteran-motors wees. Lidmate kan gerus **Ons Huis** ondersteun.

ACTONVILLE FUNKSIE

Actonville-wyk beplan om 'n groot fondsinsamelingsprojek te loods vir verskei verbeteringe en om die wyk ook te aktiveer tot deelname en betrokkenheid. Die projek gaan die vorm aanneem van 'n konsert/opvoering in ons kerkgebou waarby verskeie bekendes ook betrokke gaan wees, waaronder Christo Davids (Errol) en Theodore Jantjies (Xander) van 7de Laan. Duncan Geldenhuys, 'n musiekstudent aan die NWU, het ingewillig om te help om wyk 16 - Actonville, af te rig met die oog op deelname tydens die aand. Romeo Du Toit, 'n kunstenaar-sanger van die Weskaap, sal ook tydens die geleentheid optree. Sien die aangehegte advertensie.

Op die Program:

Maandag Bybelstudie 9:30 Rynpark 5 sitkamer
Dinsdag: Bybelstudie 6:30
Bybelstudie 7:30
Woensdag: Spes.Kerkraad verg 7:00
Palms 10:00
20-Something Kleingroep 19:00
Donderdag: Gebedsgroep 19:30

Vrydag: Bybelstudie 9:00

Die kerkhuis veranderinge is bykans klaar, die pallesades gaan nog verskuif word en daar is bourommel wat weggery moet word**. Kom help asb Saterdag 24 Julie 2010 vanaf 9uur met sleepwaens, helpers, hoekslypers en sweismasjiene en entosiasme.**
Dankie Erika

Notas Oggenddiens 9:00	Notas Eietydsediens 17:00	Notas Aanddiens 18:30
Ds. Attie Venter **Lees:** Psalm 43 **Teks:** **Tema**: "Deurbreek afstand van God deur worstelstryd"	**Ds G. v. Wyk**	**Ds. Griffel v. Wyk** **Lees**: Hebr 4:7-10 ***HK Sondag 38***

Bybelvasvra – Soek die vers!

"Moet die oor nie woorde toets soos die ?????????? kos proe nie?"
Watter deel van die liggaam proe die kos??????
Lees gerus die boek Job en SMS jou Naam en Van en watter deel van die liggaam en die plek waar hierdie vers staan na 082 8733173 as jy die antwoord gevind het.

DOPPERJEUG

Baie geluk aan al ons maats wat in hierdie week verjaar

19 Jul NYIKA BUYS 0820544060
22 Jul CHRISNE-LEE WISSER
23 Jul DWAYNE WIGGETT
011395 4094
24 Jul RUBEN JANSEN
083 415 5116
24 Jul C J ROSSOUW
011 849 2633

Gereformeerde Kerk Benoni
Miles Sharpstraat 24b
Rynfield, Benoni
www.gkbenoni.co.za
polsslag@gkbenoni.co.za

Welkom:
Hartlik welkom aan al die gaste en besoekers, wat vandag se erediens bywoon. Indien u 'n nuwe intrekker is, meld asb. by een van die predikante, Braam Krüger of Sarel v.d.Walt aan, of kontak vir Ina Bolt (084 993 1136) of Gusta Botes (083 383 2605)

Dienstye:
Oggenddiens: 09:00
Eietydsediens: 17:00
Aanddiens: 18:30

Diensbeurte:
Hierdie week: wyke 10,11,12,13
Volgende week: wyke 14,15,17,18

Verjaarsdae

Baie geluk aan almal wat in die komende week verjaar.

18 Jul ELIZE CARSTENS
. 0832828062
18 Jul HETTIE RENCKEN
. 0834413554
19 Jul JAAP JAN STERKENBURG .
. 0828909476
20 Jul TERSIA ALBERTS
. 0832990568
20 Jul RIA BOOYSEN
. 0828530820
20 Jul ALICE PEARCE
21 Jul TEWIE BARNARD
. 0833681563
21 Jul ROSEMARY COTTON
. 0722445326
23 Jul MANDIE PEYPER
24 Jul ELIZE BILLING
0793671043

Die Palms

Woensdag 21 om 10vm, konsistorie.
Ons nooi alle lidmate bo 60 en alle ander wat woensdag oggend by die huis is om die byeenkoms van Die Palms saam met ons te kom geniet. Ons wil almal mekaar graag leer ken deur gesellig saam te verkeer.

TRUTH PROJECT

Maandag 19 Julie, en dan daarna vir die volgende 12 Maandae, bied dr Braam 'n DVD-kursus aan getiteld: "The Truth Project. Elke DVD-vertoning is ongeveer een uur. Dit bied meer 'vaste geestelike kos', en beloof om werklik interessant te wees. Enigeen wat belangstel is baie welkom om dit te kom bywoon. Dit vind plaas elke Maandagaand (vanaf 19 Julie) om 19:00 in die kerkhuis.

GEREFORMEERDE KERK BENONI
Dr. Braam Krüger – 011 849 9253 – 082 459 5636 braam@gkbenoni.co.za
Dr Sarel v.d. Walt – 082 920 1601 – sarel@gkbenoni.co.za
Herman Kloppers – 073 408 2226 – herman@gkbenoni.co.za